

DIE KULTUURHISTORIESE BYDRAE VAN HUBERTUS ELFFERS

Biografiese Gegewens

Hubertus Elffers is op 6 Maart 1858 te Haarlem in Nederland gebore uit 'n gesin van sewe kinders.¹ Daar sy ouers Menoniete² was, ontvang die jonge Elffers tot sy twaalfde jaar onderrig in die Doopsgesinde gemeenteskool te Haarlem. Terselfdertyd het hy ook 'n aandskool besoek waar hy goed in moderne tale soos Frans en Duits onderlê is.

Al vroeg in sy lewe was Elffers deur hewige asma-aanvalle gepla sodat hy soms vir lang tye bedlêend was. Tydens hierdie siekbeddens het hy op aanbeveling van sy moeder, musiek leer lees en speel, maar ook aandag gewy aan die tekenkuns, die literatuur en die poësie in die besonder. Vanaf sy twaalfde tot en met sy sestiende jaar, was hy 'n leerling aan 'n handelskool. Dit skyn asof Elffers 'n baie briljante skolier was, aangesien hy die jongste leerling in hierdie handelskool was.

Ondertussen het sy godsdiensoopvoeding nie agterweë gebly nie. Vanaf sy agste tot sy twaalfde jaar is sy godsdiensoonderrig gedeeltelik deur 'n leraar van die Menoniete waargeneem. Uit Elffers se gëskrifte *Waarom ik Adventist geworden ben* blyk dit dat hy 'n baie deeglike onderrig in die kerk van die Menoniete gekry het. Moontlik kon hierdie onderrig so bedoel gewees het dat, aangesien die Haarlemse Menoniete vir sy skoolopleiding én sy universitêre studie sou betaal, hy as 'n deeglike Menoniet by die universiteit sou inskryf.

Teen 1873 het die moderne teologie die Christendom in Nederland al so deurspek dat ook die ouers van Elffers hulle van die Haarlemse Menoniete afgeskei het. Tydens die intrepreek van 'n liberale teoloog, so word verhaal, het die betrokke predikant die godheid van Jesus Christus geloën en verklaar dat voortaan alleen in die naam van geloof, hoop en liefde gedoop sou word. Elffers se vader het hom aan die hand geneem en terwyl hulle uitstap, gesê: „Kom, mijn jongen, dat gaat te ver”.

Die gevolg hiervan was dat daar besluit is om na 'n ander kerkverband oor te gaan. Dit het beteken dat Elffers se vader al sy skoolgelde, wat tot op daardie tydstip deur die Menoniete-gemeente in Haarlem gedra is, moes terugbetaal. Daar het dus ná die terugbetaling waarskynlik nie genoeg fondse oorgebly om Elffers van 'n universitêre opleiding te ver-

1. *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* (Verder as Z.A.T. gesiteer): Junie 1888, bl. 276, *Ter Gedachtenis*; — vs. 18 — 'n gedig.
2. Die Menoniete was volgelinge van Meno Simons, 'n gebore Nederlander wat in die tyd van die Reformasie leef. As 'n Rooms-Katolieke priester, ondersoek hy die Nuwe Testament aan die hand van die kommentaar van Luther. Deur dié studie, kom hy tot ander insigte en begin hy, nadat hy die Roomse Kerk verlaat het, die evangelie verkondig terwyl hy die land deurreis. Die doop was sy vernaamste verskilpunt met Calvin. Die Menoniete het die doop alleen aan volwassenes bedien ná die belydenis van die geloof.

seker nie. Dit het vir Elffers self geskyn of die planne vir sy toekoms by sy ouers op daardie stadium „minder vast stonden dan tevoren”.³

Elffers is vervolgens op sestienjarige leeftyd na 'n onderwyskollege en kosskool te Nijmegen gestuur. In sy vrye tyd aldaar het hy privaatklaas in die wiskunde geneem. Gedurende dié tyd het hy ook in die Christelike Gereformeerde Kerk te Haarlem belydenis van geloof afgelê en is die volwasse-doop deur middel van besprenkeling aan hom bedien. Dit moet baie duidelik gestel word dat toe hy belydenis van die geloof in die Christelike Gereformeerde Kerk afgelê het en gedoop is, hy nie juis van sy Menonitiese godsdiensopvattinge afgesien het nie. Hy skryf later self soos volg: „Aan dien doop echter was een onderzoek voorafgegaan voor den ‚breede kerkeraad’, waarin was gebleken, hoe groot het verschil was op punten als Doop, Avondmaal, Erfzonde, Uitverkiezing, Apostolische instelling van kerkregering, enz. tusschen mijne overtuiging en die der kerk, waarbij ik mij zocht aan te sluiten om geene andere reden dan dat Christus daar niet geloohend wordt”.⁴

Na twee jaar by die normaalskool het hy hom as onderwyser bekwaam. Intussen het hy weer 'n asma-aanval⁵ gehad, wat sy verblyf in Nederland „ongewens en byna ondraaglik”⁶ gemaak het.

Die meester Hubertus Elffers was nouliks agtien maande in Haarlem as onderwyser werksaam, toe daar 'n advertensie in *De Standaard*, 'n Amsterdamse nuusblad, verskyn. Ds. Andrew Murray Jnr. het deur bemiddeling van ds. Pierre Huet gevra om 'n Hollandse onderwyser wat, behalwe die Nederlandse taal, ook 'n bietjie Bybelonderrig in Suid-Afrika kon waarneem. Terwille van sy swak gesondheid het Elffers vir die pos aansoek gedoen, veral op aandrang van sy vader. Dit blyk ook dat ds. Huet 'n hand in sy benoeming gehad het, „ . . . but (I) learned later that the Rev. Huet, late of Natal, then stationed in Holland, who was known to my father, . . . had a hand in my appointment”.⁷

Elffers was twintig jaar oud toe hy op 7 Maart 1878 met die *Balmoral Castle* uit Nederland vertrek en op 13 April 1878 in Kaapstad aangekom het. Hier, in dié land, sou hy werk en leef tot sy dood. Hy was bestem vir 'n inrigting vir hoër onderwys in Wellington, maar is toe aan die Normaalskool te Kaapstad „geleen” waar hy dadelik met sy werk begin het.

Omdat die Kaapkolonie onder Engelse bestuur gestaan het, het hy, as 'n goeie nuwe Kaapse onderdaan, dit sy eerste taak gemaak om die Engelse taal aan te leer. Die Normaalskool waar hy klas begin gee het, die *Good Hope Seminary*, die *South African College* (die ou *Atheneum*), asook *Het Stellenbosch Gymnasium* en *First Class Undenominational School* waar hy later werksaam was, het almal Engels as voertaal gehad. Ds.

3. Elffers, Hubertus: *Waarom ik Adventist geworden ben. Persoonlijke verklaring aan het volk van Zuid-Afrika*, bl. 6, Kaapstad, 1898.

4. Elffers, Hubertus: *Waarom ik Adventist geworden ben*, bl. 8 (ek kursiveer).

5. Meegedeel deur mej. Eleonara Elffers te Wynberg, Kaapstad, Junie 1964.

6. *De Unie*, bl. 48, Aug. 1908.

7. Elffers, Hubertus: *Scripture Lights*, p. ix.

Andrew Murray Jnr. wat self 'n Skot was, was trouens een van die ywerige instrumente van dié angliseringsproses. Elffers het aanvanklik tuis gegaan by die hoof van die Normaalskool, ene J. R. Whitton, 'n Skot wat ook deur ds. Andrew Murray uit Skotland ingevoer en wie gevolglik vir Elffers van hulp en aanmoediging in die Engelse taal bedien het. Verder kan net kortliks vermeld word dat dit geblyk het dat Elffers tydens sy verblyf aan die Kaap duidelik Engelsgesind was. Alhoewel dit miskien uit die oogpunt van die Afrikaner onverklaarbaar mag voorkom dat hy, Hollander synde, destyds meer na die Angelsaksiese kultuur geneig het as na die meer aan homself bekende Dietse kultuur van sy volksgenote aan die Kaap, moet dit in gedagte gehou word dat die Kaap in 1878 sterk verengels was en dat die destyds as beskaafd en opgevoed beskou is om Engels te besig. Elffers was beslis ook nie bewus van die stryd tussen die Angelsaksiese en Dietse kulture in die negentiende eeuse verengelsingsproses nie. Hy het as 'n immigrant in Kaapstad aangekom, wat homself nie polities en kultureel goed op hoogte van sake gestel het nie, maar wat tog graag sy aangenome vaderland met al sy kragte wou dien. „I did not at any time allow myself to fall under political influences. I had from the beginning resolved to live for the country of my adoption, and for that reason took out papers of naturalisation as a British subject”.⁸

Dit is dan verstaanbaar dat sy eerste grammatikaboekies in Engels uitgegee is. Tog het hy nog aan sy moedertaal vasgekleef en in Nederlands gedig, terwyl hy ook gepoog het om aan andere die Nederlandse taal te leer. 'n Mens kan dan begryp waarom hy hier as 'n „British subject” pro-Engels ingestel was en aan die einde van sy lewe sy hele huishouding Engels ingerig het, sodat sy gesin vandag met mekaar Engels praat en hyself gedurende sy laaste lewensjare selfs Engelse preke gelewer het.

Behalwe vir sy daaglikse werk aan die Normaalskool, is hy al gou benoem as tydelike professor aan die *South African College* om daar onderrig in die Nederlandse taal te gee, asook 'n tydelike pos by die *Good Hope Seminary*. Hy het in dié tyd sy hande betreklik vol gehad deurdat hy tydens etensure ook tekenonderrig en lees oefeninge vir B.A.-studente gegee het.

Gedurende sy verblyf in Kaapstad, het hy by die Groote Kerk-gemeente aangesluit. Op die Kerkraadsvergadering van 6 Mei 1878 word soos volg opgeteken: „Kerkelike attestate word ingediend van Hubertus Elffers van Haarlem de datum 14e Maart 1878”.⁹ Uit die *Lidmaatregister van 1863 tot 1943*,¹⁰ blyk dit dat Elffers eers in 1878 belydenis van geloof gedoen het. Waarskynlik het die destydse scriba die inskrywingsfout begaan, want hy het in Nederland al belydenis van geloof gedoen.

8. Elffers, *Scripture Rights*, bl. xii.

9. Ned. Gereformeerde Kerkargief: *Notuleboek van die Gemeente Kaapstad*, 1/33, bl. 295.

10. Ned. Gereformeerde Kerkargief: *Kaapstad lidmaatregister 1863 tot 1941*, 12a/5.

Twee jaar later, in 1880, is hy met mejuffrou Therése Jeanne van Pelt van Nijmegen met die handskoen in die huwelik bevestig.¹¹ Sy is op 21 Desember 1857 gebore en is op 15 Februarie 1941 oorlede. Uit die huwelik is vyf kinders gebore. In 1880 het Elffers sy kontrak met die Normaalskool te Kaapstad verbreek, en is hy by die *Stellenbosche Gymnasium* aangestel, waar hy o.a. Nederlands doseer het. Smiddags het hy privaat lesse in kuns gegee.

Op 5 November skryf hy 'n brief¹² aan die Actuaris Synodi van die Kaapse Kerk: „De Ondergetekende verzoekt hierbij den Hoogeerwaarde Heer Ds. G. van den Wall, Mod. Syn. vriendelik op de eersvolgende vergadering van de Commissie der Hoogeerw. Synode onzer kerk te zijner behoeve de vraag te doen, of, zoo hij zich in Okt. 1882 onderwerpt aan het Admissie examen, hij om der wille zijner tegenwoordige positie en meer, wijl hij wellicht tot het einde van 1883 in het onderwijs zal moeten blijven, van het onderzoek in die Hollandsche taal en letterkunde sou verschoond kunnen worden.

Hubertus Elffers,
Onderwijzer in de Moderne Talen.

Hieruit kan duidelik opgemerk word dat Elffers begerig was om predikant van die Kaapse Kerk te word. Ds. G. van den Wall en ds. P. E. Faure het toestemming verleen dat die versoek toegestaan word, maar A. Roux het op 13 Desember 1881 die volgende op die teenblad geskrywe: „Als de Heer Elffers zoo zeer bedreven is in de Hollandsche (Nederduitsch) taal en letterkunde dat ik volgaarne geloof, waarom ziet hij ertegen op om een examen daarin af te leggen? Beschouwt hij het misschien ook vernederend voor zich om Hollander zijnde, een eksamen in die taal en letterkunde voor Afrikaanders af te leggen? Ik zie geen reden om zijn verzoek in te willigen”.

Verder was 'n aantal persone, naamlik di. A. Steytler, A. D. Lückhoff, I. O. Kriek, J. J. du Plessis, S. Hofmeyer, P. J. G. de Vos en M. J. Herold ook „er tegen” gewees. Andrew Murray het die Sinodale Kommissie egter nie as bevoeg beskou om oor so 'n saak uitspraak te gee nie.

Indien die Sinodale Kommissie aan Elffers die gevraagde toestemming sou verleen het, sou hy hoogswaarskynlik 'n predikant van die Kaapse Kerk geword het. Die weiering van die versoek is moontlik veroorsaak deur ontevredenheid omdat hy sy verbintenis met die Normaalskool te Kaapstad verbreek het.¹³ Ons verneem nie weer dat hy enige verdere pogings in dié rigting aangewend het nie. 'n Ander moontlike rede vir die weiering van sy versoek, kon sy teologiese opvattinge gewees het. Die sterk Menonitiese inslag wat sy teologie gekenmerk het en wat in sy

11. Mededeling deur mejj. Eleonora en Frieda Elffers te Wynberg, Kaapstad, Junie 1964.
12. Ned. Gereformeerde Kerkargief, *Synodale Korrespondensie*, Acta Syn. Com. S.1/16. Argiefstuk 412-418.
13. Conradie, Elizabeth: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Deel II*, bl. 158.

Bybelklasse tot uiting gekom het,¹⁴ kon die ore van die Sinodale Kommissie bereik het. Moontlik het die Sinodale Kommissie gevrees dat die beskouings van Meno Simons via Elffers die Kaapse Kerk kon binne-sluip. Hieruit word die konklusie getrek dat as hy nie 'n Menoniet was nie, sy kulturele invloed en bydrae in Suid-Afrika hoogswaarskynlik baie verder as net die skryf van boeke kon gestrek het.

Terwyl hy op Stellenbosch was, het Sir Langham Dale, destydse Superintendent-generaal van Onderwys aan die Kaap, aan Elffers die noodsaaklikheid gestel om „met een eigeengevormde taal, uit de Bijbel en de plaatselike omgangstaal ontleend, tot een stelsel van hollands onderwijs voor dit land bij te dragen”.¹⁵ Dit is interessant om hier die voorstel te verneem uit die mond van 'n Engelssprekende in dié dae toe die stryd van die *Genootskap van Regte Afrikaners* om die erkenning van Afrikaans as skryftaal, heftig aan die gang was. Hierdie poging het so heftig teëstand binne die eie Dietse geleedere gevind dat verskeie Afrikaanse kultuurmanne, soos onder andere Melt Brink en D'Arbez, ook so 'n midde-weg tussen *Nederlands* (die taal van die Bybel) en *die plaaslike omgangstaal* (d.i. die spreektaal van die Afrikaner, met ander woorde Afrikaans) gesoek het in so 'n selfgemaakte Kaaps-Hollands soos hulle dit genoem het. Dit is af te lei uit Elffers se geskrifte dat hy hom by die ondersteuners van Nederlands geskaar het, maar lojaal teenoor die Engelse staat gebly het met al sy kulturele eise.

Uit Stellenbosch het hy in 1885/6 sy eerste digbundel die lig laat sien. Dit is waarskynlik as gevolg van die bundel dat Sir Langham Dale Elffers se moontlikhede opgemerk het. Hy het nog 'n bundel gedigte in dié tyd voltooi wat ongelukkig in 'n brand by die frima Juta en Kie vernietig is. Sedert daardie tyd het hy boeke begin skrywe wat sy naam vir vyf-en-twintig jaar lank daarna voor die publiek sou hou en waarin Elffers 'n kulturele bydrae gelewer het.

Terwille van sy gesondheid en as gevolg van moontlike ooreising, verlaat hy in 1888 die vogtige klimaat van die Kaap om na 'n droër gedeelte van die land te verhuis en aanvaar hy 'n pos as hoofonderwyser te Smithfield in die Oranje-Vrystaat. Tydens sy verblyf in die Vrystaat was hy goed bevriend met die destydse presidentsfamilie en het hy een van sy grootste werke, naamlik *Debora*, aan die Presidentsvrou, mev. Reitz, opgedra.

Toe Elffers onder die Britse vlag uitgetrek het na die Oranje-Vrystaat, het hy ook weer volle lojaliteit aan die regering aldaar betoon. 'n Foto bestaan vandag nog waar hy as skoolhoof die leiding geneem het en die hele skooltjie President Reitz 'n welkomsgroet toegesing het, tydens lg. se besoek aan Smithfield. Elffers het nietemin, selfs van Engels gebruik gemaak om die Dietse gemeenskap meer vertrouwd met Nederlands

14. Elffers, Hubertus: *Waarom ik Adventist geworden ben*, bl. 10. Nadere bewys vir die veronderstelling het ek egter nie.

15. *De Unie*, Aug. 1908, bl. 48; sien ook Elffers, Hubertus: *Scripture Rights*, bl. xi.

te maak. Sy grootste bydrae hier het egter by die Dietse kultuur en nie by die Britse gelê nie.

In 1892 keer hy na Kaapstad terug en open aldaar sy vertaalkantoor waar hy beëdigde vertaler van die hooggeregshof geword het in Nederlands, Duits, Engels, Frans en Afrikaans. Hy het daarby in dié tyd as privaat-dosent opgetree en het saam met sy kinders 'n eie drukkery die *Rustica*



Hubertus Elffers in die fleur van sy lewe.

Pers, opgerig. (Hierdie drukkery het tot September 1962 in die besit van die Elffers-familie gebly). Ook ander vertaalwerk is deur Elffers onderneem.

Dit was juis deur vertaalwerk dat Elffers met die Sewendedag-Adventistekerk in aanraking gekom het. Hy het in Maart 1893, na 'n besoek van die direkteur van die Adventisteskool, daar begin klas gee.

Hierdie skool was tussen Claremont en Kenilworth geleë. Mettertyd het hy met die godsdiensoepvatting van dié betrokke skool vertrouwd geraak. Sy persoonlike godsdiensoepvatting het daarby aanklank gevind en na agtien maande gaan hy oor na die Sewendedag-Adventistegeloof. Hy noem die datum van sy toetrede as lid van dié kerk as Vrydagaand 31 Mei 1893, toe hy en sy familie hul eerste Sabbat gevier het.¹⁶ 'n Rukkie later is hy tot diaken in die Claremontse Adventistegemeenskap verkies en na twee jaar is hy tot die prediking toegelaat. Op dié manier het hy 'n uitlaatklep vir sy lewenslange ideaal gevind, naamlik om die Evangelie te verkondig en die Sakramente te bedien. In 1926 het hy egter weer met die Adventiste gebreek.¹⁷ Nietemin, het Elffers in hierdie tyd nog steeds bly skryf en hom veral aan die verwerkings van Nederlandse werke vir skoolgebruik gewy. Ook het hy gedurig sy reeds bekende werke verbeter.

In 1908 het die onderskeiding hom te beurt geval om lid van die *Maatskappij van Nederlandsche Letterkunde* te Leiden te word. Geeneen van sy werke word spesifiek genoem wat hom dié onderskeiding besorg het nie. In die *Mededeelingen* van die *Maatskappij van Nederlandsche Letterkunde* van die jaar 1908 word 'n lys¹⁸ van sy publikasies, wat die biblioteek aldaar ontvang het, genoem. Die vermoede is dat hy op grond van hierdie werke die lidmaatskap ontvang het. In die notule van die vergadering van 1932, waartydens daar melding gemaak is van Elffers se dood, word net vermeld dat hy hom in die skrywe van skoolgrammatikas onderskei het.¹⁹

In 1926 het Elffers sy eie kerklike beweging gestig, 'n groepie van sowat vyftig mense, waaronder meeste van sy gesin getel het. Onder hierdie mense het hy sy pastorale werk op eie houtjie voortgesit. Hulle het hulself die *Brotherhood of Christ* genoem. Iedere Sondag het Elffers vir hulle in Engels gepreek in sy eie kapelletjie naas die drukkersgebou.

Teen die einde van 1927 het hy 'n toeval gehad en 'n ernstige operasie ondergaan. Hy was hierna weens verlamming bedlënd tot sy dood. Tydens sy siekbed het hy nie ledig gesit nie, maar in dié tyd sy laaste werk aangepak en voltooi: sy persoonlike uitleg van die Bybel en sy teologie vir die volk van Suid-Afrika. Op 1 Julie 1931 is Elffers oorlede. Byna al sy grammatikaboeke was toe al verouderd want die poging van die Taalbond, waarvan hy 'n ondersteuner was, het gaandeweg in krag afgeneem vanweë die sterk bloei van Afrikaans as skryftaal.

Van Elffers se dood het, tesame met Eerwaarde Dreyer se *Appresiasie* in die Kerkbode van 2 September 1931, alleen die volgende berigjie verskyn: „Op die 1ste Julie is te Wynberg oorlede Mnr. Hubertus Elffers, vroeër 'n welbekende figuur in die Hollandse skoolwêreld in ons land. Die woordeboek wat hy en dr. Viljoen opgetrek het, asook die series van Neder-

16. Elffers, Hubertus: *Waarom ik Adventist geworden ben*, bl. 18.

17. Sy dogter Eleonora, het in 'n onderhoud in Junie 1964 gemeld dat sover sy kan onthou die oorsaak van die afskeiding was „that they had some difference”.

18. *Handleiding en Mededeelingen van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden over het jaar 1907-1908*, bl. 103.

19. *T.a.p.* 1932, bl. 32.

landse skoolboeke wat hy opgestel en uitgegee het, behoort tot die verlede. Dit doen niks af aan die betekenis vir die Afrikanerdom van sy werk in sy tyd nie".²⁰

Elffers het dus as 'n byna vergete man gesterf. Dit is waar dat hy selde in die openbaar opgetree het en waarskynlik terwille van sy swak gesondheid meestal tuis gebly het. Alleen by een geleentheid is sy naam teëgekrom waar hy saam met dr. Viljoen en ds. D. S. Botha as beoordelaar vir 'n opstelwedstryd, deur *De Unie* uitgeskryf, benoem is. Ook dit is nie juis 'n bewys dat hy wel in sy persoon na buite invloed versprei het nie. Nogtans het hy 'n kulturele bydrae vir Suid-Afrika en indirek vir die Afrikaanse kultuur, gelewer. Dit is nie 'n maklike taak om sy bydrae te beoordeel nie, deurdat die opkoms van Afrikaans as skryftaal, en dus as grammatikataal, die betekenis van sy werk laat verdof het.

In sy *poësie* word die negentiende eeuse godsdienstige mens geprojekteer. 'n Afskaduwing van die destydse Nederlandse digstyl, skemer in sy gedigte deur. Die piëtistiese gelowige, wat in sy tyd 'n kenmerkende verskynsel aan die Kaap was, kom ons deurgaans teë in sy poësie.

Hy het ook *prosa* gelewer wat 'n sterk didaktiese trek verraai; trouens, al sy arbeid dra hierdie eienskap. Daar het ook 'n paar stukkies van sy hand verskyn wat goeie toeligting oor algemene onderwerpe van kultuurbelang gegee het.

Hy was veral bekend as skrywer van *Hollandse grammatikaboeke vir skoolgebruik*. In 1885 het die eerste hiervan die lig gesien. Hierdie boek was in Engels geskryf veral omdat die Nederlandse taal byna uit die mond van die Dietse bevolkingsdeel verdwyn het vanweë die angliseringsproses veral in Kaapland. Op dié manier het hy egter weer sy halfverengelste en verengelste volksgenote bereik. Hy het later grammatikas die lig laat sien waarvan die onderrigstaal Nederlands was. Veral sy *Leesboek voor Zuid-Afrika* in al sy verskillende series, en sy *Practische Hollandse Spraakkunst*, was vir 'n lang tyd in gebruik op skole dwarsdeur die hele Suid-Afrika.

Verder is werke van erkende Nederlandse skrywers deur hom verwerk met die oog op literêre studie vir skoolindeksamens. Gewoonlik is aan die leerling voor in die boekie 'n geskiedkundige agtergrond gegee, 'n opsomming van die verhaal, biografiese gegewens van die outeur, asook verduidelikings van sekere probleme wat die taal mag oplewer. Sy Engelse ekwivalente wat hy by die Hollandse woordelys agter in die boek geplaas het, het dus ook die Engelse leerling se studie van die Hollandse werk vergemaklik.

Met al sy arbeid het Elffers gedurig gepoog om Hollands as skryftaal vir die Dietse volk van Suid-Afrika te behou. Hy het geglo dat dit deur taalstudie en die publisering van boeke in die Hollandse taal, verkry sou kon word.

20. *De Unie*, 1 Augustus 1931, bl. 32.

Namate tyd verloop het, kan Elffers in 'n suiwerder lig gesien word. Sy motiewe was goed, sy insig in die volle omstandighede waarin hy gewerk het was nie deurgaans omvattend genoeg nie en daarom het hy ook nie altyd in sy onmiddellike doel geslaag nie. Nietemin, was sy positiewe bydrae groter as wat sy tydgenote besef het. Per slot van sake het hy as Nederlander in hierdie land moontlik net so eerlik en ernstig gestaan ten opsigte van die behoud van die Dietse saak in Suid-Afrika, as vele ander wat direk gestry het vir Afrikaans teen die bedreigende invloed van anglisering.

P. D. Smit.